**AFRIKAANS HUISTAAL**

**VRAESTEL 1**
**TAALKUNDE**

**JUNIE 2009**

**TYD:** 2 UUR
**PUNTE:** 70

**WES-KAAP**
**Onderwysdepartement**

**NASIONALE STRATEGIE VIR LEERDERPRESTASIE**

## METRO-NOORD
## GRAAD 12
## GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL

## JUNIE 2009
# MEMORANDUM

# NASIENRIGLYNE

## Nasien van leesbegrip

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE, nie. Die rede of motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR word die punte verdeel: een punt vir WAAR/ONWAAR en ’n punt vir die rede of motivering of aanhaling.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek, mits die korrekte woord onderstreep word of op die een of ander wyse uitgelig word.
- Waar twee of drie feite of punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waairn die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoorde sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoorde vereis word, word dit aanvaar,
- Vir meervoudige-keuse vrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

## VRAAG 1

1.1 kan (1)

1.2 werk oorsee vir ’n jaar /
reis oorsee vir ’n jaar /
OF *Meer spesifiek uit die teks:*
Hulle kan werk (in Nepal of Kanada) / of hulle kan ’n rugsak-toer deur Europa Onderneem. / (2)

1.3 Feit /
Navorsing het bewys dat twee derdes opskop. / (2)

1.4 halsoorkop / (1)

1.5 hoe om gesonde verhoudinge te handhaaf /
etiket / (2)

1.6 Dit hang af of die student dit kan bekostig. OF
Dis om studente wat nie die toer kan bekostig nie die geleentheid te bied om tog die kursus te volg. / (1)

1.7 Danksy tegnologie kan ’n mens binne sekondes en goedkoop met enige persoon enige plek ter wêreld kommunikeer. / (1)

1.8 slegte verblyf OF klein, beknopte kamers (1)

1.9 As jy geneig is tot depressie. OF As jy maklik depressief raak.
*(Net die aanhaal van die woord “depressie”? – dis nie ’n karaktereienskap nie.)* / (1)

1.10 Bv. Ja, dit verbreed jou lewensuitkyk OF
Nee, dis ’n vermorsing van geld en tyd. (1)

1.11 Die artikel wil gr. 12-leerders aanspoor om ’n brugjaar te onderneem OF Dit wys op die voordele van ’n brugjaar. *(Volsin is nie gevra nie.)* (1)

| | | |
|---|---|---|
| 1.12 | Lana Pike speel rekenaarspeletjies in die bed na slapenstyd. OF Jy kan nie gaan slaap voor jy nie die speletjie klaar gespeel het nie. | (2) |
| 1.13 | toenemend | (1) |
| 1.14 | Tieners sukkel om met ander te sosialiseer OF oor die weg te kom OF Tieners raak alleenlopers. (Volsin = 1 punt; eie woorde = 1 punt) | (2) |
| 1.15 | Deur die dag moet haar kinders buite wees/ moet hul skoolwerk doen. OF Hulle mag nie gedurende die dag sit en rekenaarspeletjies speel nie. | (1) |
| 1.16 | Dit word gebruik om angswekkende (of moeilike) mediese behandeling draaglik te maak. /<br>Dit kan ook gebruik word om opleiding te verskaf./ | (2) |
| 1.17 | "Dis ín om te speel." | (1) |
| 1.18 | groter lettertipe (en vetdruk) OF Dit is binne 'n raampie OF Die woorde is alleen geplaas as opskrif | (1) |
| 1.19 | iemand wat in Afrika gebore is / inboorling van Afrika | (1) |
| 1.20 | Investec OF die firma Investec | (1) |
| 1.21 | Die sebra (of kwagga) is eie aan Afrika | (1) |
| 1.22 | "globale kundigheid" | (1) |
| 1.23 | privaatbankwese / beleggingsbankwese / batebestuur / dis 'n eiendomsgroep / sekuriteite (Enige een) | (1) |
| | | **[30]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING
## VRAAG 2

1. Wees gereeld aktief.
2. Skep vasgestelde tye vir sport of oefen.
3. As jy nie aan sport deelneem nie, klim trappe of ry fiets.
4. Sport moet by jou alledaagse aktiwiteite inpas.
5. Kies sportsoorte wat nie nadelig vir jou gaan wees nie.
6. Indien jy ouer as 35 is moet jy jou eers deur 'n dokter fiks laat verklaar.
7. Kies 'n sportsoort waarvan jy hou en afwisseling in jou lewe gaan bring. *[68 woorde]*

**Sorg dat jy gereeld aktief is. Jy moet vasgestelde tye vir sport of oefen skep. Klim trappe of ry fiets as jy nie aan sport deelneem nie. Jou gekose sportsoort moet by jou alledaagse aktiwiteite inpas. Jy moet 'n sportsoort kies wat nie nadelig vir jou gaan wees nie. Indien jy ouer as 35 is, moet jy jou eers deur jou dokter fiks laat verklaar. Kies 'n sportsoort waarvan jy hou en afwisseling in jou lewe gaan bring.**

*[78 woorde]*

### *Nasien van die opsomming*

- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Opsommings in die verkeerde format word **nie geassesseer nie.**
- Slegs die feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken**:**
  - **7 punte vir 7 feite**
  - **3 punte vir taal**

***Penaliseer soos volg:***

- Indien die opsomming te lank is, word slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. Die **res van die opsomming word geïgnoreer.**
- Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie.**
- Taalfoute (grammatika, spelling en punktuasie):
  trek soos volg van die 3 punte wat toegeken word vir taal, af:
  0 - 4 foute: geen penalisering
  5 – 10 foute: trek 1 punt af
  11 – 15 foute: trek 2 punte af
  16 foute of meer: trek 3 punte af
- Vir direkte aanhalings van **volledige sinne** word daar soos volg gepenaliseer:
  1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering
  4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
  6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af
- Trek 1 punt af van die totaal vir die getal feite plus taalgebruik indien die kandidaat nalaat om getal woorde aan te dui of indien die verkeerde getal woorde aangedui is.
- **LET WEL:** Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

---

## AFDELING C: TAAL
## VRAAG 3

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Rus | (1) |
| 3.2 | wêreldwyd (nie *landwyd* nie) | (1) |
| 3.3 | begin | (1) |
| 3.4 | moeilik om te glo / te erg | (1) |
| 3.5 | media | (1) |
| 3.6 | Die takkie is deur iemand in die longweefsel gevou. | (1) |
| 3.7 | verbaliseerder | (1) |
| 3.8 | Ainslie het gesê dat so iets nog in die mediese literatuur gerapporteer moet word. OF Ainslie het gesê so iets moet nog in die mediese literatuur gerapporteer word. | (1) |
| 3.9 | optimisties | (1) |
| 3.10 | muur / beskermingslaag / | (1) |
| 3.11 | wys | (1) |
| 3.12 | loop / kom /hardloop / draf | (1) |
| 3.13 | vanaand | (1) |
| 3.14 | skaarsste | (1) |
| 3.15 | nie nat nie / sonder vog / | (1) |
| 3.16 | nugter / saaklik / ernstig / sonder om snaaks te probeer wees / | (1) |
| 3.17 | Hy kan nie sy man staan nie / Hy is ’n swakkeling / | (1) |
| 3.18 | Hy behandel mense met ruggraatprobleme | (1) |
| 3.19 | Bv. Sorg dat jou kleingoed <u>wat by jou woon</u> genoeg kalsium <u>wat van melk kom</u>, inneem. | (1) |
| 3.20 | milligram | (1) |
| 3.21 | selfstandige naamwoord | (1) |
| 3.22 | versterk | (1) |
| 3.23 | Die gesin is *arm*, daarom kan hulle nie luukshede bekostig nie. | (1) |
| 3.24 | Op Nuwejaar gaan ons gewoonlik see toe. | (1) |
| 3.25 | ra | (1) |
| 3.26 | Japannees | (1) |
| 3.27 | karateka | (1) |
| 3.28 | Ek’s gedaan <u>omdat</u> ek agt uur lank op my voete by die werk was. | (1) |
| 3.29 | Vroue is daar om mans te bedien. | (1) |
| 3.30 | Sal jy (asseblief) vir my bier bring terwyl jy daar is? | (1) |

**[30]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**